higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 2

(11020252)

XX Februarie 2020 (Y-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

110Q1S2027

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Verpakking verwys na die toedraai of bedek van goedere en materiale.

1.2 Suid-Afrika het drie kommersiële seehawens.

1.3 Die doel van materiaalhantering is om goedere so doeltreffend moontlik te verskuif.

1.4 'n Pakhuis wat swak bestuur word, kan tot 'n daling in verkope lei.

1.5 Tydens voorontvangs arriveer goedere en materiale by die pakhuis.

1.6 Materiale in vloeibare vorm word in kilogram gemeet.

1.7 Aanvullende dienste help die kernbesigheid van vraglogistiekmaatskapye.

1.8 Verbruikbare items word gebruik om die onderneming te bestuur.

1.9 Kosteverhoudings toon die verhouding tussen verskillende uitgawes en netto verkope.

1.10 Die Departement Menslike Hulpbronne werk met kliënte.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Tydelike, korttermyn- of langtermynberging van goedere in aanvoerketting	A	inventaris
2.2	Deurgang van verskillende soorte voertuie en mense op vervoerroetes	B	omset
2.3	Herwinning van goedere wat meer waarde het as die waarde wat dit as skroot sou hê	C	saamklassering
2.4	Alle gebergde items wat aan die maatskappy behoort	D	berging
2.5	Proses om voorraad te tel en dit in toegewese bergingsarea te plaas	E	klant
2.6	Dokument gebruik tydens sorterings- en saamklasseringsproses ('binning')	F	terugwin
2.7	Persoon waarmee waardes uitgeruil word	G	abstrakte redenering
2.8	Bedrag wat organisasie maak deur produkte te verkoop	H	verkeer
2.9	Vaste koste plus veranderlike koste	I	voorraad
2.10	Konseptuele redeneringsvaardighede	J	afleweringsbrief
		K	vervoer
		L	totale koste
		M	bewaring

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die volgende terme:

3.1.1 Vraglogistiek

3.1.2 Uitkontraktering

3.1.3 Materiaalhantering

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

3.2 Skryf die volgende afkortings/akronieme volledig uit:

3.2.1 EIEU ('FIFO')

3.2.2 PBS ('WMS')

3.2.3 BVA ('POD')

(3 × 1) (3)

3.3 Verduidelik die verskil tussen *terugwinning* en *afvalwegdoening*. (4)

3.4 Gee VIER redes waarom klante goedere na 'n pakhuis terugstuur. (4)

3.5 Noem TWEE sterk punte van seevervoer. (4)

3.6 Noem DRIE kommersiële seehawens in Suid-Afrika. (3)

[24]

VRAAG 4

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

NESTLE BELOOF OM ALLE VERPAKKING TEEN 2025 HERWINBAAR TE MAAK

Switserse kosreus Nestle wil teen 2025 al hul verpakking herwinbaar of herbruikbaar maak. Plastiekafval is een van die grootste volhoubaarheidskwessies in die wêreld vandag. Nestle se mededinger, Unilever, sê hulle is verbind tot die omskakeling van PET- (poliëtileentereftalaat-)afval in onbewerkte materiaal vir gebruik in kosverpakking. Koffieketting Starbucks doen hul deel deur klante afslag op hul drankies te gee as hulle hul eie koppie of beker bring.

[Aangepas van: *http//ewn.co.za*]

4.1 4.1.1 Verduidelik *herwinning* kortliks. (2)

4.1.2 Noem TWEE materiale wat herwin kan word. (2)

4.1.3 Identifiseer TWEE mededingers van Nestle uit die uittreksel. (2)

4.1.4 Noem VIER funksies van verpakking. (4)

4.1.5 Noem en verduidelik DRIE soorte verpakking. (9)

4.2 Noem DRIE riglyne wat gevolg moet word wanneer goedere op- en afgelaai word om ongelukke te voorkom. (6)

4.3 Noem DRIE funksies van die verwerking van bestellings. (3)

4.4 Noem VIER metodes vir afvalwegdoening. (4)

[32]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die inkomstestaat hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

INKOMSTESTAAT VAN MAKHAYA LOGISTICS VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2019

Verkope		900 000
Minus: Koste van verkope		300 000
Bruto wins		5.1.1
Plus: Ander bedryfsinkomste		60 000
Huurinkomste	50 000	
Rente op vaste deposito	10 000	
Bruto bedryfsinkomste		5.1.2
Minus: Bedryfsuitgawes		5.1.3
Verbruikbare items	3 000	
Arbeidskragkoste	60 000	
Brandstof	90 000	
Versekering	15 000	
Netto wins		5.1.4

Bepaal die volgende. Toon al jou berekeninge:

5.1.1 Bruto wins (3)

5.1.2 Bruto bedryfsinkomste (3)

5.1.3 Bedryfsuitgawes (5)

5.1.4 Netto wins vir die jaar (3)

5.2 Gee TWEE voorbeelde van arbeidskragkoste. (2)

5.3 Noem DRIE persoonlike eienskappe wat 'n persoon moet hê om sukses in die vraglogistiekbedryf te behaal. (3)

5.4 Herrangskik die volgende in volgorde van kwalifikasies benodig deur die loopbane in jou ANTWOORDBOEK neer te skryf. Begin met die werk wat die laagste kwalifikasie vereis en eindig met die een wat die hoogste kwalifikasie vereis: (5)

pakhuistoesighouer; pakhuisbestuurder; algemene werker; sorteerder; ontvangsklerk

[24]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou